# JESUS BESTRAF DIE STORM

Markus 4:35-41

WIE IS HY TOG?
Die dissipels vra vir mekaar: *"Wie kan Hy tog wees…?"* Hulle het Jesus nog nie juis geken nie. Hy was vir hulle 'n raaisel. Hy het hulle fassineer, verras, ge-"puzzle". Hulle kon Hom nie kleinkry nie, inteendeel: Hy bly hulle verwagtinge oortref – soos nou weer met die storm. Hulle was maar nog steeds besig om Hom te LEER ken.
**Hoe leer 'n mens Jesus uit hierdie verhaal ken?**

WARE MENS
Hy was **'n ware mens**. Die hoofstuk begin waar Jesus in die bootjie geklim het om die skare toe te spreek. Hy was heeldag besig om hulle te onderrig. Markus het 'n paar van die belangrikste gelykenisse wat Hy daardie dag vertel het, opgeteken, soos die een van die saaier byvoorbeeld.
Teen laatmiddag was Hy egter moeg – soos enige mens teen daardie tyd sou gewees het. **Jesus was dus nie 'n Supermens wat kon aanhou en aanhou en nooit moeg of honger of dors word nie!**
Daarom vra Hy dat hulle daarvandaan met die boot na die oorkant van die See van Galilea toe moes vertrek. Die menigte wat na Hom kom luister het, sou natuurlik Hom nog graag langer daar wou hou en het Hom dalk verkwalik dat Hy hulle los, maar Hy het die breek nodig gehad. Die bootjie het ook skaars vertrek, so stel ek my voor, of Hy raak aan die slaap.

**Voel jy** soms moeg en uitgeput? Voel jy dan skuldig daaroor dat jy nie meer doen nie? Omdat Jesus volkome mens was, sal Hy jou baie goed kan verstaan en jou nie veroordeel nie. **Dissipelskap** stel hoë eise, maar Hy sal nie probeer om bloed uit 'n klip te tap nie. Hy verwag nie dat 'n mens 24/7 365 dae moet werk nie. Dit was juis Hy wat daarop gewys het dat **die sabbat** vir die mens gemaak is. God gun dit vir 'n mens om een uit die sewe dae te rus en gebied dit selfs. Dit is **ander gode** wat ons dryf om ons gesondheid en verhoudinge op hulle altaar te offer – gode soos Rykdom en Roem. God gun ons ons rus en ons aftye. Jesus sê *"My juk is sag en My las is lig."*

WARE GOD
Toe daar **'n storm opsteek**, maak die dissipels Jesus wakker. Anders as wat hulle dalk verwag het, gryp Jesus nie ook 'n skepding om die water te probeer uitskep uit die boot nie. Nee, soos ons deesdae baie hoor, Hy "spreek die probleem aan." Hy bestraf die storm. En wat gebeur? Die winde gaan lê en die golwe bedaar!
Hy kan dus nie maar NET 'n mens wees nie. Geen mens is tot so iets in staat nie. **Hy is ook God**. In Ps 65 dig Dawid oor God en sê: *"U laat die gedruis van die see, die geraas van die golwe, die rumoer van die nasies bedaar…"* (:8) en Etan getuig in Ps 89 *"U heers oor die onstuimige see: as sy golwe opstaan, laat U hulle bedaar."* (:10)
Tot dusver het Hy al sy mag oor *die bose geeste* (1:21vv), oor *siekte* (o.a. 1:29vv) en oor *die geestelike leiers* (1:20vv) demonstreer. Nou laat blyk Hy ook sy gesag oor *natuurkragte.*
In daardie dae het die Jode die see as die tuiste van allerlei **demoniese magte** beskou. Dit het bygedra tot die dissipels se benoudheid. Hulle het die storm gesien as 'n aanval van die bose magte op hulle. Sy optrede was daarom ook vir hulle die bewys dat Jesus mag het oor die bose magte. Die gebeure net hierna in Gerasa waar Jesus die bose geeste uit die man gedryf en in die varke gestuur het, het dit verder bevestig. **Die**

**woord** wat Markus in die Grieks gebruik vir Jesus se bestraffing van die storm, is dieselfde woord as wat hy in 1:25 gebruik het toe Jesus 'n bose gees uit iemand gedryf het. Hy is **die Oorwinnaar** oor die bose magte in watter gedaante hulle ookal voordoen. Hy is die **Messias** wat bevryding, verlossing bewerk.
In Jesus **se intreepreek** het Hy volgens Mar 1:15 gesê *"Die koninkryk van God het naby gekom."* Dit het vir die dissipels al hoe duideliker geword wat Hy daarmee bedoel het. Hulle het self die Koning in aksie gesien!
Nogtans kon hulle nie help om verbaas vir mekaar te vra nie: *"Wie kan Hy tog wees dat selfs die winde en die see Hom gehoorsaam?"*
Ons weet vandag die antwoord: **Hy is die Seun van God en self ook God.** Selfs die **Romeinse offisier** aan die voet van die kruis het dit besef toe hy vlgs Mk 15 gesê het: *"Hierdie man was werklik die Seun van God."* (:39)

GOD BY ONS
HIERDIE JESUS is **saam met ons in die bootjie**. Vlgs Matt het Jesus pas voor hulle vertrek met die dissipels gepraat oor die k**oste van dissipelskap** – dat dit 'n hoë prys vra om Sy volgeling te wees. Tog volg hulle Hom en klim saam met Hom in die skuit al was die see berug daarvoor dat storms baie skielik kon opsteek. Hulle het dan ook sommer baie gou agtergekom hoe waar sy woorde was. **Jesus beloof ons nie 'n kalm vaart nie, wel 'n veilige aankoms!**
Die dissipels het die menslik moontlike gedoen, maar toe dit lyk asof dit nie genoeg is om hul lewens te red nie, wend hulle hul tot Jesus. In plaas daarvan om net sy hulp te vra, **verwyt** hulle Hom: *"Meneer, gee U dan nie om dat ons vergaan nie?"* Miskien het hulle tog geglo dat Hy hulle KON help, maar hulle het getwyfel of Hy WOU, of Hy OMGEE, of Hy hulle lief genoeg het. Hulle het VERTROUE kortgekom.
Is dit nie iets waarmee **ons ook soms** sukkel nie? Ons glo Hy kan iets aan ons probleme doen - as Hy wil, as Hy genoeg vir ons omgee. En as daar skynbaar niks in antwoord op ons gebede gebeur nie, voel mense soms God staan koud en afsydig teenoor hulle probleme. Party verwyt God dan dat Hy nie liefde is nie.
**Jesus se rustigheid** moes die dissipels eerder *gerus gestel* het as *ont-stel* het. Hulle moes vir hulleself en vir mekaar gesê het: *"Wel, as HY so kalm is, waarom sal ONS paniekerig wees?"* Hulle het immers al 'n paar van sy wonderwerke gesien.
Ons lees in Ps 46 *"Bedaar en erken dat Ek God is…"* (:11) en tog as ons ons kom kry, is ons gestres en paniekerig. Ons is ongeduldig en vol verwyte. Ons spook en spartel vir 'n vale!
God is nie teen die gebruik van roeispane nie, solank ons net onthou Hy is ook in die boot. En ons het **verlede Sondag** gehoor Wie Hy is toe ons die Name hier op die kanselkleed een-vir-een gelees het en ons het mekaar herinner dat Sy Naam by ons doop oor ons uitgeroep is, dat Hy Hom aan ons verbind het, nie net vir mooiweerdae nie.
**Geloof is** om te bly vertrou al is die omstandighede teen ons. (Mense aanboord sing 'Abide with me' toe die RMS Stella sink tydens WO2, 105 mense; Titanic die orkes speel 'Nearer my God to Thee'.)
**Geloof is** om te bly vertrou al voel dit of God slaap. Ps 121 verseker ons: "Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie." (:4)
**Geloof is** om jou en jou situasie in God se hande oor te gee.

Jesus het nie net die storm aangespreek nie. Hy het ook **sy dissipels aangespreek.** Hy steek hulle nie daar-en-dan in die pad nie. Hy wou hê dat hulle iets uit die

ondervinding **moes leer**. Hulle sou immers nog baie aanslae van die Bose moes trotseer.
Ons hoef ook nie bang te wees dat die Here ons vanweë ons kleingeloof sal afdank nie. **Dissipelskap is 'n leerproses**. Dit neem tyd. Dit is 'n proses van val en weer opstaan. Ons geloof is nie sommer van dag een af sterk en volkome nie. In die storms word dit soos goud gelouter en soos velle gebrei (1 Pet 1:6,7; Jak 1:2,3). **Groei** gaan dikwels met groeipyne gepaard. Ons almal is nog in die Here se *"kweekskool",* besig om *te leer,* besig om *te groei,* besig om *gesnoei te word.*

SAMEVATTING
Om 'n navolger van Christus te wees, is gevaarlik. Dit stel jou bloot aan die aanvalle van die Bose. Maar soos Jesus hier getoon het en ook verklaar het: *"In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek* het die wêreld klaar oorwin." (Joh 16:13) Hy het aan die **kruis** die grootste moontlike storm en aanslag van die Bose oorwin.

Daarom is daar **hoop** vir al Sy volgelinge – nie op 'n kalm vaart nie, maar op 'n veilige aankoms!
Amen
1/2/09